REKENINGKUNDE SG **NOVEMBER 2006**

ALGEMENE KOMMENTAAR

Die vraestel was baie redelik en aanvaarbaar.
Die meeste leerders was in staat om die vraestel te voltooi.
Te veel kandidate wys nog steeds nie hul bewerkings tussen hakies om deel punte te verdien nie.
Die gebruik van Tipp-ex het selde voorgekom.
Potlood totale het min voorgekom.
Alhoewel kandidate se handskrif nie altyd so netjies was nie, was oormekaarskryf minimaal.
Kandidate het nie gekonsentreer wanneer bedrae vanaf optelmasjien ingeskryf is nie, hulle het punte verloor , bv. as 'n ekstra 0 weggelaat is.
Hakies – kandidate laat hakies weg.
Berekeninge – kandidate weet nie watter berekeninge om te doen nie.

VRAAE 1.1 TRANSAKSIE ONTLEDING

Hierdie vraag was redelik goed beantwoord en het gewissel van swak, goed tot briljantheid. Veral die Abet-kandidate het swak gevaar in hierdie vraag. Die kandidate kon nie die volgende :

Uitken van korrekte joernaal
Vanaf die joernaal – uitken van dubbel inskrywing in Algemene Grootboek
Onderskei tussen 'n uitgawe en 'n inkomste

VRAAG 1.2 REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

Alhoewel hierdie vraag gelyk het soos 'n wandel in die park, met die rekeninge reeds gegee, het kandidate tog swak gevaar.

Toewysing van 3 tekens het kandidate punte laat verloor
Kandidate ken nie hul rekeninge nie..

VRAAG 2.1

Hierdie vraag was 'n goeie poging deur die kandidate , maar die volgende moet egter aangespreek word::

KOJ/KBJ – kandidate fhet nagelaat om totale van bankkolom te verskaf.
Kandidate sluit nie die gegewe totaal in wanneer die finale totaal van die bankkolomme opgetel word nie.
Inskrywing het in beide joernale voorgekom.
Basiese hantering van deposito's en tjeks nie heeltemal duidelik in antwoorde nie.
Bankkoste – verwarring met rente ontvang wat ingesluit is in Bankkoste.
Bankrekening nie gevra nie – verwarring met die berekening van Bankrekening saldo vir die Bank Rekonsiliasiestaat.
Voldoende hersiening van graad 11 werk baie belangrik vir vraag 2.2 ook.

VRAAG 2.2

Rekonsiliasie items verskyn in die joernale.
Die verstaan van die inskrywings in die vorige Rekonsiliasiestaat moet beklemtoon word.

VRAAG 3.1 & 3.2 SPORTKLUBS – LEDGER ACCOUNTS

Datums– datums verkeerd of weggelaat
Inskrywings – kandidate verwarrend – wanneer aan Debiet- of Kredietkant
Berekeninge – kandidate was nie in staat om die korrekte bedrae vir Bank; Ledegeld afgeskryf en Inkomste en Uitgawe te bereken nie.
Kandidate het rekeninge gebalanseer of afgesluit na Wins-en-verlies in plaas van om dit af te sluit na Inkomste en Uitgawe.
Onnetheid is ’n groot bekommernis.

VRAAG 3.3 INTERPRETASIE

Kandidate moet aangemoedig word om hierdie tipe vrae in die klaskamer, toetse en interne vraestel te beantwoord.

VRAAG 4 KONTANTBEGROTING

4.1 DEBITEURE INVORDERINGSKEDULE

Kandidate het probleme met die debiteure invorderingskedule gehad. Alhoewel sommige dit korrek bereken het, was die bedrae in verkeerde kolomme..
Weet nie hoe om die bedrae oor te dra na die Kontantbegroting nie (waar dit geskryf moet word).

KONTANTBEGROTING

Hierdie vraag was redelik goed beantwoord, alhoewel daar in sekere sentrum sekere kandidate hierdie vraag geïgnoreer het. Kandidate het geweet hoe om die Kontantbegroting voor te berei. Punte het gewissel van swak, goed tot briljant – gemengde resultate.

Die volgende moet egter aangespreek word:

Verwarring tussen ontvangste en betalings
Krediet- en kontantverkope is gement
Vaardigheid om maandelikse bedrae te bereken deur jaarlikse totale te deel
Vreemde items was nie ’n probleem nie, sporadies voorgekom (korting toegestaan, -ontvang)
Oortrokke bank was nie tussen hakies nie
Nie in staat om die end bankbalans vanaf die surplus en/of tekort te bereken nie.

INTERPRETASIE

Die meeste kandidate het hierdie vraag redelik goed beantwoord.
Hulle kon redelik goed aandui wat om te doen met die deposit wat verval het.

VRAAG 5.1 MAATSKAPPYE - INKOMSTESTAAT

Hierdie vraag was oor die algemeen goed beantwoord.

Debiteureafslagrekening nie in ag geneem by die berekening van verkope nie.
Gewone aandele dividende was gegee – kandidate het hierdie rekening ingesluit in die Inkomstestaat.
Oninbare skulde : verwarring wanneer om te plus of te minus.

Voorsiening vir oninbare skulde-aansuiwering :- inkomste of uitgawe/moeilik gevind om die werklike berekening te maak.
Waardevermindering :- Twee bedrae in die Inkomstestaat. Nie getoon as 'n kombinasie tussen hakies nie:- nie altyd aangedui in antwoord nie.
Werklike bedrae korrek bereken, maar verkeerdelik aangedui as finale antwoord.
Die korrekte bedrae vir aansuiwering reflekteer op die antwoordblaai, maar verkeerdelik opgetel.
Verwarring met rente inkomste.
Deel punte verloor indien nie getoon nie. Slegs finale antwoord verskyn op antwoordblaai.
Orde van inskrywings – bruto wins → + inkomste → - uitgawes → = bedryfswins → + rente inkomste → - rente uitgawe → = wins voor belasting → - belasting → = netto wins vir die jaar – moet beklemtoon word.

VRAAG 5.2 NOTA TOT FINANSIëLE STATE

Baie swak beantwoord.

VRAAG 6 VENNOOTSKAPPE – BALANSSTAAT + NOTAS

6.1 BALANSSTAAT

Kandidate moet voorberei word om op antwoordblaaie te werk.
Twee kolomme was verwarrend.
Berekeninge – verkeerde berekeninge was gemaak.
Basiese beginsel – bedrae in notas moet ooreenstem met dié in die balansstaat was nie toegepas nie.

6.2 NOTES

FIXED ASSETS

Very few candidates scored full marks.
Movements seem to be a problem. Candidates could not determine these amounts
Candidates do not understand the influence of asset disposal on cost- and carrying value at the end of financial year.
Candidates tends to omit brackets for depreciation.

TRADE AND OTHER RECEIVABLES

Confusion between Accrued income and Receivables.
Net trade debtors was omitted.

CASH AND CASH EQUIVALENTS

Maturing of fixed deposit during the following year was omitted.

CURRENT ACCOUNTS

Candidates do not know how to use the brackets. Favourable balance were between brackets
Balances of capital accounts were included.
Insert foreign items because of the space/lines provided.
Balances at end of financial year could not be calculated correctly